IV GROEIVEREISTES EN MATERIAAL

GROEIVEREISTES VIR AKASIAS

DAAN DU TOIT

INLEIDING

Met hierdie lesing word daar volstaan by die drie basiese elemente naamlik grond, water en voeding van Akasias sonder om die ander groevereistes as minder belangrik te ag.

Grondvereistes, waterbehoeftes en voeding sal wel afsonderlik behandel word, maar is in wese interafhanklik deurdat die drie faktore mekaar onderling beinvloed en ook beinvloed word deur houergrootte, *Acacia*-spesie, tyd van die jaar en blootstelling aan direkte sonlig.

GROND

In die lesing oor Akasias geskik vir Bonsai is daar reeds verwys na die moontlike voorkeure in terme van grondtipe vir die verskillende Akasias. Dit kan as goeie riglyn dien. Die spesifieke grondtipes waarop bome voorkom is egter nie altyd beskikbaar nie. Verder moet daar in gedagte gehou word dat die grond in die natuur sekere fisiese eienskappe openbaar wat anders is as wanneer dieselfde grond in 'n bak geplaas word. In die natuur word die grond teen opbrokkeling deur reën beskerm deur die blarenet van die boom en die blare op die grond. Die organiese materiaal op die grond sorg ook vir

'n goeie fisiese toestand soos deurlugting en waterabsorbsie.

In grondmengsels moet hierdie inherente eienskappe van grond soos dit in die natuur voorkom dus nageboots word. Dit impliseer dat dreinering, voghou vermoë, grondvrugbaarheid, grond PH (graad van suurheid van grond) en spesifieke elementvoorkeure in ag geneem behoort te word.

Akasias is, behalwe vir die paar bogenoemdes wat van sandgrond hou, redelik aanpasbaar by 'n wye reeks grondsoorte. Wat belangrik is, is dat die grondmengsel goed gedreineerd en vrugbaar moet wees. Wanneer 'n grondmengsel voorberei word, is die grond wat as basis geneem word, die belangrikste. Afhangend van die fisiese eienskappe daarvan behoort die hoeveelheid kompos, gruis en ander byvoegings daarby aangepas te word.

Nadat die basiese grondmengsel opgemaak is, kan die ander materiale bygevoeg word om die gewensde grondmengsel te kry. Omdat ons gronde oor die algemeen arm aan fosfaat is, kan beenmeel (of Langfos) bygevoeg word. Beenmeel stel fosfaat oor 'n lang periode vry wat baie belangrik vir 'n gesonde wortelstelsel is. Gronde wat baie suur is (moontlik afkomstig uit die tuin onder dennebome), behoort met landboukalk behandel te word. Die spesifieke hoeveelheid kalk benodig sal altyd moeilik bepaalbaar wees en daarom is dit wenslik om te suur grond te vermy. Die meeste Akasias hou van neutrale grond. Wanneer daar met groot hoeveelhede grond gewerk word, word grondontledings aanbeveel.